

14

WONDERWERKE

God voorsien wat ons nodig het

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God alles voorsien wat hulle nodig het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- die Here het met vyf brode en twee vissies 'n groot klomp mense kos gegee.
- die Here voorsien vir sy kinders genoeg om van te lewe.

Gesindheid

Die kinders moet die Here vertrou en dankie sê vir alles wat Hy vir hulle voorsien.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om iets van die wonderwerk van die vermeerdering van die brode te vertel.

MEER INLIGTING (Lukas 9: 10-17)

Jesus wou 'n bietjie alleentyd saam met sy dissipels deurbring. Daarom het hulle na die dorpie Betsaida toe gegaan. Die mense van die omgewing het uitgevind waar hulle was en baie het daarheen gegaan. Net die mans alleen was omtrent 5 000 (baie meer as die kinders in die groot skool). Jesus het met die mense gepraat oor God. Hy het ook al die siekes gesond gemaak.

Later, toe dit begin donker word, het die dissipels Jesus eenkant toe geroep en vir Hom gesê dat Hy die mense moet laat huis toe gaan, want daar was nie genoeg slaapplek vir almal nie en ook nie genoeg kos nie. Jesus het die dissipels opdrag gegee om vir die mense kos te gee, maar hulle kon nie, want hulle het self amper niks gehad om te eet nie.

Daar was net vyf brode en twee vissies om te eet. Hulle sou moes dorp toe gaan en gaan kos koop, maar die dorp was ver en dit was al baie laat. Jesus het die mense toe in kleiner groepies (van 50 elk) op die gras laat sit. Toe vat Hy die vyf brode en die twee vissies, sê vir God dankie daarvoor, en begin om dit in kleiner stukkies te breek. Hy het die kos aan die dissipels gegee om aan die mense uit te deel. Almal wat daar was, het genoeg gekry om te eet.

Nadat almal klaar geëet het, het die dissipels 12 mandjies vol opgetel van die kos wat oorgebly het.

Die Here is wonderlik en Hy sorg vir sy kinders. Hy voorsien vir ons dit wat ons nodig het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Uitgeknippte tydskrifprente van goed wat hulle graag gebruik, soos seep, sjampoe, graanvlokkies, klere, skoene, ensovoorts.
- Skêre.
- Gom.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed en sing Gesang 552: 4.

*Liewe Vader, ek sê dankie dat ek soveel van U kry,
maar die grootste is u liefde wat ook in my hart kom bly.*

HET HULLE ONTHOU?

Kyk na die prente van die verlore skaap wat hulle gemaak het. Vra 'n paar kinders om die onthouersie op te sê: *Die Heer, my herder, sorg vir my.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra die volgende vraag:

- As jy bid, wat vra jy vir Jesus om jou mee te help? Verduidelik aan die kinders dat ons vir die Here enigiets mag vra, maar Hy gee net wat Hy weet ons regtig nodig het. Hy gebruik ook ons pappas en mammas om ons te leer dat ons nie altyd alles kan kry wat ons graag wil hê nie.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING en vertel van die geleentheid toe Jesus met net twee vissies en vyf brode vir baie mense, meer as 5 000, kos gegee het.

IETS BELANGRIK

Vra vir die kinders of hulle gereeld en genoeg vir die Here dankie sê vir alles wat hulle het. Moedig hulle aan om elke keer as hulle bid, vir die Here dankie te sê vir al die goeie dinge wat hulle het.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle –

- die tydskrifprente van artikels wat hulle gereeld gebruik, uitknip.
- die prentjies huis toe neem om in hul boeke te gaan plak.
- elke dag daarna kyk en vir die Here daarvoor dankie sê wanneer hulle bid.

BY DIE HUIS

- Laat hulle hul ouers gaan vra om vir hulle van nog 'n wonderwerk van Jesus in die Bybel te lees of te vertel, byvoorbeeld Jesus wat op die see loop (Matteus 14: 22-32), of enige ander een.
- Laat hulle die prente wat hulle uitgeknipt het in hul boeke plak sodat hulle kan onthou om gereeld vir die Here dankie te sê, veral vir die goed wat hulle baie gebruik.
- Laat hulle die volgende woorde leer: *Liewe Vader, ek sê dankie dat ek soveel van U kry.*

AFSLUITING

- Laat hulle Gesang 549 sing of agter jou aan sê.

*Daar's vissies in die water,
kyk hoe swem hul rond;
daar's voëltjies in die lug
en daar's diere op die grond;
daar's blomme in die velde,
daar's riete in die vlei.
Wie sou dit als gemaak het?
Die Here, ja, dis Hy!*

- Gee aan die kinders beurt om af te sluit met gebed deur die Here te –
 - prys,
 - dank, en
 - vra vir iets.